



UNIE VAN SUID-AFRIKA
UNION OF SOUTH AFRICA

Staatskoerant Government Gazette

(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL. CXCVII.] PRYS 6d. PRETORIA, 11 SEPTEMBER 1959. PRICE 6d. [No. 6278.

INHOUD AGTERIN.

CONTENTS ON BACK PAGES.

PROKLAMASIES

VAN SY EKSELLENSIE DIE EDELE ERNEST GEORGE JANSEN, DOKTOR IN DIE REGTE, GOEWERNEUR-GENERAAL VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.

No. 191, 1959.]

DATUM VAN INWERKINGTREDING VAN SEKERE BEPALINGS VAN DIE WYSIGINGSWET OP PENSIENWETTE, 1959 (WET No. 67 VAN 1959).

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (5) van artikel *agt-en-vyftig* van die Wysigingswet op die Pensioenwette, 1959 (Wet No. 67 van 1959), verklaar ek hierby dat die bepalings van artikels *twaalf*, *dertien*, *vyftien* en *sestien*, artikels *agtien* tot en met *ses-en-twintig*, paragraaf (b) van artikel *drie-en-dertig*, artikels *vier-en-dertig*, *vyf-en-dertig* en *sewe-en-dertig* van genoemde Wet op die eerste dag van Oktober 1959 in werking tree.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. J. SERFONTEIN.

No. 192, 1959.]

HEFFING VAN 'N SPESIALE BELASTING VAN DIE MABASOSTAM ONDER KAPTEIN BUKWANA NXUMALO IN DIE DISTRIK UBOMBO.

Nademaal die Mabasostam onder kaptein Bukwana Nxumalo in die distrik Ubombo vrywillig aansoek gedoen het om die heffing van 'n spesiale belasting ten einde fondse in te samel vir ontwikkelingswerk, opvoedkundige doeleindes en vir ander stamdoeleindes;

En nademaal die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling—

(a) daarvan oortuig is dat die meerderheid van die belastingbetalers van genoemde stam so 'n heffing verlang; en

(b) die doel waarvoor dit opgelê word, goedkeur;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *vyftien* van die Naturelle Belasting en Ontwikkeling Wet, 1925 (Wet No. 41 van 1925), soos gewysig, hierby soos volg verklaar:—

(1) 'n Spesiale belasting van tien sjielings per jaar vir die jare 1959 tot en met 1963 word hierby gehef van elke lid van genoemde stam wat 'n belastingbetaler is.

(2) Die spesiale belasting wat hierby gehef word, is betaalbaar met ingang van die jaar 1959 en is verksuldig en betaalbaar op die datum van afkon-

PROCLAMATIONS

BY HIS EXCELLENCY THE HONOURABLE ERNEST GEORGE JANSEN, DOCTOR OF LAWS, GOVERNOR-GENERAL OF THE UNION OF SOUTH AFRICA.

No. 191, 1959.]

DATE OF COMMENCEMENT OF CERTAIN PROVISIONS OF THE PENSION LAWS AMENDMENT ACT, 1959 (ACT No. 67 OF 1959).

Under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (5) of section *fifty-eight* of the Pension Laws Amendment Act, 1959 (Act No. 67 of 1959), I hereby declare that the provisions of sections *twelve*, *thirteen*, *fifteen* and *sixteen*, sections *eighteen* to *twenty-six*, inclusive, paragraph (b) of section *thirty-three*, sections *thirty-four*, *thirty-five* and *thirty-seven* of the said Act shall come into operation on the first day of October, 1959.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twenty-seventh day of August, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. J. SERFONTEIN.

No. 192, 1959.]

LEVY OF A SPECIAL RATE ON THE MABASO TRIBE UNDER CHIEF BUKWANA NXUMALO IN THE UBOMBO DISTRICT.

Whereas the Mabaso tribe under Chief Bukwana Nxumalo in the District of Ubombo has voluntarily made application for the levy of a special rate for the purpose of collecting funds for development work, educational purposes and for other tribal purposes;

And whereas the Minister of Bantu Administration and Development—

(a) is satisfied that the majority of the taxpayers of the said tribe desires such a levy; and

(b) approves the purpose for which it is imposed;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by sub-section (1) of section *fifteen* of the Natives Taxation and Development Act, 1925 (Act No. 41 of 1925), as amended, I do hereby declare as follows:—

(1) A special rate of ten shillings per annum for the years 1959 to 1963, inclusive, is hereby levied on every member of the said tribe who is a taxpayer.

(2) The special rate hereby levied shall be payable with effect from the year 1959 and shall become due and payable on the date of publication hereof,

diging hiervan, ten opsigte van die jaar 1959, en op die eerste dag van Januarie van elke daaropvolgende jaar waarin dit van krag is.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.
453/213.

No. 193, 1959.]

STADSGBIED VAN COMPENSATION BEACH.—
AANDKLOK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikel (1) van artikel *een-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar ek hierby dat geen Naturel, hetsy 'n mans- of vrouspersoon, wat nie kragtens subartikel (4) van genoemde artikel vrygestel is nie, met ingang van die datum van afkondiging hiervan tussen die ure 10 nm. en 4 vm. op 'n publieke plek binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van Compensation Beach mag wees nie tensy so 'n Naturel in besit is van 'n skriftelike permit wat onderteken is deur sy werkgewer of deur iemand wat deur so 'n werkgewer gemagtig is om so 'n permit aan so 'n Naturel uit te reik of deur iemand wat deur genoemde stedelike plaaslike bestuur of deur die Minister gemagtig is om sulke permitte uit te reik of deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.
1127/313 (B).

No. 194, 1959.]

STADSGBIED VAN EMPANGENI.—AANDKLOK.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by subartikels (1) en (5) van artikel *een-en-dertig* van die Naturelle (Stadsgebiede) Konsolidasiewet, 1945 (Wet No. 25 van 1945), verklaar ek hierby dat geen Naturel, hetsy 'n mans- of vrouspersoon, wat nie kragtens subartikel (4) van genoemde artikel vrygestel is nie, met ingang van die datum van afkondiging hiervan tussen die ure 11 nm. en 4 vm. op 'n publieke plek binne die regsgebied van die stedelike plaaslike bestuur van Empangeni mag wees nie tensy so 'n Naturel in besit is van 'n skriftelike permit wat onderteken is deur sy werkgewer of deur iemand wat deur so 'n werkgewer gemagtig is om so 'n permit aan so 'n Naturel uit te reik of deur iemand wat deur genoemde stedelike plaaslike bestuur of deur die Minister gemagtig is om sulke permitte uit te reik of deur 'n lid van die Suid-Afrikaanse Polisie;

Voorts verklaar ek dat Proklamasie No. 99 van 1936 hierby herroep word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

M. C. DE W. NEL.
474/313 (B).

in respect of the year 1959, and on the first day of January of each succeeding year during which it is in operation.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twenty-seventh day of August, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.
453/213.

No. 193, 1959.]

URBAN AREA OF COMPENSATION BEACH.—
CURFEW.

Under the powers vested in me by sub-section (1) of section *thirty-one* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby declare that with effect from the date of promulgation hereof, no Native, male or female, not being exempted under sub-section (4) of the said section, shall between the hours of 10 p.m. and 4 a.m. be in any public place within the area controlled by the urban local authority of Compensation Beach, unless such Native be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorised by such employer to issue such permit to such Native or by some person authorised by the said urban local authority or the Minister to issue such permits or by any member of the South African Police.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twenty-seventh day of August, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.
1127/313 (B).

No. 194, 1959.]

URBAN AREA OF EMPANGENI.—CURFEW.

Under the powers vested in me by sub-sections (1) and (5) of section *thirty-one* of the Natives (Urban Areas) Consolidation Act, 1945 (Act No. 25 of 1945), I hereby declare that with effect from the date of promulgation hereof, no Native, male or female, not being exempted under sub-section (4) of the said section, shall between the hours of 11 p.m. and 4 a.m. be in any public place within the area controlled by the urban local authority of Empangeni, unless such Native be in possession of a written permit signed by his employer or by a person authorised by such employer to issue such permit to such Native or by some person authorised by the said local authority or the Minister to issue such permits or by any member of the South African Police;

And I further declare that Proclamation No. 99 of 1936 is hereby repealed.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twenty-seventh day of August, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

M. C. DE W. NEL.
474/313 (B).

No. 195, 1959.]

LENIESDEEL-GRONDBEWARINGSDISTRIK.—
WYSIGING VAN GRENSE.

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel *nege* van die Grondbewaringswet, 1946 (Wet No. 45 van 1946), soos gewysig, wysig ek hierby die Bylae van Proklamasie No. 51 van 17 Maart 1950 deur die woorde „Groblersvregde, De Beershoop” in te voeg na die woorde „Pietersrust 18” waar dit in die grensomskrywing van die Leniesdeel-grondbewaringsdistrik in genoemde Bylae voorkom.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Twaalfde dag van Augustus Eenduisend Nege-honderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

P. M. K. LE ROUX.

No. 196, 1959.]

AANGELEENTHEID INGEVOLGE ARTIKEL *DERTIEN* VAN DIE KONSOLIDASIE- EN WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE VERHOUDINGS, 1945 (WET No. 38 VAN 1945), SOOS GEWYSIG, AAN DIE PROVINSIE NATAL OPGEDRA.—
DIE VOORSIENING, BY WYSE VAN VERSEKERING, VAN DEKKING VIR DIE ADMINISTRATEUR EN LEDE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN 'N PROVINSIE.

Nademaal by paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *dertien* van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (Wet No. 38 van 1945), soos gewysig, die Goewerneur-generaal die bevoegdheid het om, met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van 'n Provinsie, te beslis of 'n aangeleentheid genoem in die Tweede Bylae van genoemde Wet aan daardie Provinsie opgedra moet word;

En nademaal by subartikel (2) van artikel *dertien* van genoemde Wet bepaal word dat wanneer 'n aangeleentheid ingevolge paragraaf (a) van subartikel (1) van genoemde artikel deur die Goewerneur-generaal aan 'n provinsie opgedra is, kennis daarvan by proklamasie in die *Staatskoerant* gegee moet word;

So is dit dat ek, kragtens voornoemde bevoegdheid my verleen, hierby verklaar dat ek met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie Natal beslis het dat die aangeleentheid genoem in item 23 van die Tweede Bylae van genoemde Wet, te wete, die voorsiening, by wyse van versekering, van dekking vir die Administrateur en lede van die Uitvoerende Komitee ten opsigte van liggaamlike besering, ongeskiktheid of dood wat uitsluitlik en regstreeks die gevolg is van 'n ongeluk wat in die loop van die verrigting van hul amppligte plaasvind, met ingang van die sestiende dag van April 1955 aan genoemde Provinsie Natal opgedra word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Nege-honderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. F. NAUDÉ.

No. 195, 1959.]

LENIESDEEL SOIL CONSERVATION DISTRICT.—
ALTERATION OF BOUNDARIES.

Under the powers vested in me by section *nine* of the Soil Conservation Act, 1946 (Act No. 45 of 1946), as amended, I do hereby amend the Schedule to Proclamation No. 51 of the 17th March, 1950, by the insertion of the words “Groblersvregde, De Beershoop” after the words “Pietersrust 18” where they appear in the boundary description of the Leniesdeel Soil Conservation District in the said Schedule.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria on this Twelfth day of August, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

P. M. K. LE ROUX.

No. 196, 1959.]

MATTER ENTRUSTED TO THE PROVINCE OF NATAL IN TERMS OF SECTION *THIRTEEN* OF THE FINANCIAL RELATIONS CONSOLIDATION AND AMENDMENT ACT, 1945 (ACT No. 38 OF 1945), AS AMENDED.—THE PROVISION OF INSURANCE COVER FOR THE ADMINISTRATOR AND MEMBERS OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OF A PROVINCE.

Whereas by paragraph (a) of sub-section (1) of section *thirteen* of the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945 (Act No. 38 of 1945), as amended, the Governor-General may, with the concurrence of the Executive Committee of a Province, determine whether a matter specified in the Second Schedule to the said Act shall be entrusted to that Province;

And whereas it is provided by sub-section (2) of section *thirteen* of the said Act that when any matter shall have been entrusted to a province by the Governor-General as provided by paragraph (a) of sub-section (1) of that section, notice thereof shall be given by proclamation in the *Gazette*;

Now, therefore, I do hereby declare, in terms of the powers vested in me as aforesaid, that I have determined with the concurrence of the Executive Committee of the Province of Natal that the matter specified in item 23 of the Second Schedule to the said Act, namely, the provision of insurance cover for the Administrator and Members of the Executive Committee in respect of bodily injury, disablement or death resulting solely and directly from an accident occurring in the course of the performance of their official duties, shall be entrusted to the said Province of Natal with effect from the sixteenth day of April, 1955.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria this Twenty-seventh day of August, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. F. NAUDÉ.

No. 197, 1959.]

AANGELEENTHEID INGEVOLGE ARTIKEL DERTIEN VAN DIE KONSOLIDASIE- EN WYSIGINGSWET OP FINANSIËLE VERHOUDINGS, 1945 (WET No. 38 VAN 1945), SOOS GEWYSIG, AAN DIE PROVINSIE KAAP DIE GOEIE HOOP OPGEDRA.—DIE VOORSIENING, BY WYSE VAN VERSEKERING, VAN DEKKING VIR DIE ADMINISTRATEUR EN LEDE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE VAN 'N PROVINSIE.

Nademaal by paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel *dertien* van die Konsolidasie- en Wysigingswet op Finansiële Verhoudings, 1945 (Wet No. 38 van 1945), soos gewysig, die Goewerneur-generaal die bevoegdheid het om, met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van 'n Provinsie, te beslis of 'n aangeleentheid genoem in die Tweede Bylae van genoemde Wet aan daardie Provinsie opgedra moet word;

En nademaal by subartikel (2) van artikel *dertien* van genoemde Wet bepaal word dat wanneer 'n aangeleentheid ingevolge paragraaf (a) van subartikel (1) van genoemde artikel deur die Goewerneur-generaal aan 'n provinsie opgedra is, kennis daarvan by proklamasie in die *Staatskoerant* gegee moet word;

So is dit dat ek, kragtens voornoemde bevoegdheid my verleen, hierby verklaar dat ek met die toestemming van die Uitvoerende Komitee van die Provinsie Kaap die Goeie Hoop beslis het dat die aangeleentheid genoem in item 23 van die Tweede Bylae van genoemde Wet, te wete, die voorsiening, by wyse van versekering, van dekking vir die Administrateur en lede van die Uitvoerende Komitee ten opsigte van liggaamlike besering, ongeskiktheid of dood wat uitsluitlik en regstreeks die gevolg is van 'n ongeluk wat in die loop van die verrigting van hul ampspligte plaasvind, met ingang van die datum van die publikasie hiervan aan genoemde Provinsie Kaap die Goeie Hoop opgedra word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand en Grootseël te Pretoria, op hede die Sewe-en-twintigste dag van Augustus Eenduisend Negehonderd Nege-en-vyftig.

E. G. JANSEN,
Goewerneur-generaal.

Op las van Sy Eksellensie die
Goewerneur-generaal-in-rade.

J. F. NAUDÉ.

GOEWERMENSKENNISGEWINGS.**DEPARTEMENT VAN DIE EERSTE MINISTER.**

No. 1403.] [11 September 1959.

AANSTELLING VAN WAARNEMENDE MINISTER VAN BUITELANDSE SAKE.

Hierby word bekendgemaak dat dit Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag het om sy goedkeuring te heg aan die aanstelling van DR. SY EDELE H. F. VERWOERD as Waarnemende Minister van Buitelandse Sake gedurende die afwesigheid uit die Unie van SY EDELE E. H. LOUW, met ingang van 28 Augustus 1959.

No. 1422.] [11 September 1959.

AANSTELLING VAN AMPTENAAR BELAS MET DIE UITOEFENING VAN DIE UITVOERENDE GESAG.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat Sy Edele Lucas Cornelius Steyn, Hoofregter van Suid-Afrika, belas is met die uitoefening van die Uitvoerende Gesag van die Unie gedurende die ongesteldheid van Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal, met ingang van 3 September 1959.

No. 197, 1959.]

MATTER ENTRUSTED TO THE PROVINCE OF THE CAPE OF GOOD HOPE IN TERMS OF SECTION THIRTEEN OF THE FINANCIAL RELATIONS CONSOLIDATION AND AMENDMENT ACT, 1945 (ACT No. 38 OF 1945), AS AMENDED.—THE PROVISION OF INSURANCE COVER FOR THE ADMINISTRATOR AND MEMBERS OF THE EXECUTIVE COMMITTEE OF A PROVINCE.

Whereas by paragraph (a) of sub-section (1) of section *thirteen* of the Financial Relations Consolidation and Amendment Act, 1945 (Act No. 38 of 1945), as amended, the Governor-General may, with the concurrence of the Executive Committee of a Province, determine whether a matter specified in the Second Schedule to the said Act shall be entrusted to that Province;

And whereas it is provided by sub-section (2) of section *thirteen* of the said Act that when any matter shall have been entrusted to a province by the Governor-General as provided by paragraph (a) of sub-section (1) of that section, notice thereof shall be given by proclamation in the *Gazette*;

Now, therefore, I do hereby declare, in terms of the powers vested in me as aforesaid, that I have determined with the concurrence of the Executive Committee of the Province of the Cape of Good Hope that the matter specified in item 23 of the Second Schedule to the said Act, namely, the provision of insurance cover for the Administrator and Members of the Executive Committee in respect of bodily injury, disablement or death resulting solely and directly from an accident occurring in the course of the performance of their official duties, shall be entrusted to the said Province of the Cape of Good Hope with effect from the date of publication hereof.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand and Great Seal at Pretoria this Twenty-seventh day of August, One thousand Nine hundred and Fifty-nine.

E. G. JANSEN,
Governor-General.

By Command of His Excellency the
Governor-General-in-Council.

J. F. NAUDÉ.

GOVERNMENT NOTICES.**DEPARTMENT OF THE PRIME MINISTER.**

No. 1403.] [11 September 1959.

APPOINTMENT OF ACTING MINISTER OF EXTERNAL AFFAIRS.

It is hereby notified that His Excellency the Governor-General has been pleased to approve of the appointment of DR. THE HONOURABLE H. F. VERWOERD as Acting Minister of External Affairs during the absence from the Union of the HONOURABLE E. H. LOUW, with effect from 28th August, 1959.

No. 1422.] [11 September 1959.

APPOINTMENT OF OFFICER ADMINISTERING THE GOVERNMENT.

It is hereby notified for general information that the Honourable Lucas Cornelius Steyn, Chief Justice of South Africa, will administer the Government of the Union during the illness of His Excellency the Governor-General, with effect from 3rd September, 1959.

DEPARTEMENT VAN LANDE.

No. 1408.] [11 September 1959.
BEHEERKOMITEE, ZANDFONTEIN-NEDERSETTING, DISTRIK BRITS.—AANSTELLING VAN LEDE.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Lande, kragtens paragrafe 3 en 7 van die regulasies wat kragtens artikel *ses-en-veertig* van die Kroongrond Nederzettingwet, 1912 (Wet No. 12 van 1912), gelees met subartikel (2) van artikel *een-en-tagtig* van die Nederzettingwet, 1956 (Wet No. 21 van 1956), opgestel en by Goewermentskennisgewing No. 1479 van 4 Julie 1952 afgekondig is, die here Ockert Petrus Stephanus Calitz, Jacobus Andries Petrus du Toit en Johannes Petrus de Ridder aangestel het vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van 30 Junie 1959 as lede van die Beheerkomitee vir dié gedeelte van die Hartbeespoortstaatswaterskema, distrik Brits, wat as Zandfontein bekend staan.

Die here Thomas Gerhardus Zietsman en George Johannes de Ridder is ooreenkomstig paragraaf 5 van voornoemde regulasies vir 'n tydperk van twee jaar met ingang van 30 Junie 1959, tot lede van genoemde Komitee gekies, en die Minister van Lande het, kragtens paragraaf 11 (1) van voornoemde regulasies, Ockert Petrus Stephanus Calitz vir genoemde tydperk as Voorsitter van die Komitee aangestel.

DEPARTEMENT VAN BOSBOU.

No. 1399.] [11 September 1959.
DEMARKASIE VAN GEDEELTES VAN BOSRESERVE IN DIE DISTRIKTE UNDERBERG, IMPENDLE EN ESTCOURT, NATAL.

Nademaal daar aan die vereistes van die Wet soos vervat in artikel *nege* van die Boswet, 1941 (Wet No. 13 van 1941), soos gewysig, voldoen is in verband met die voorgename demarkasie van ondergenoemde gebied, vooreen genoem in Goewermentskennisgewing No. 737 van 30 Mei 1958, verklaar die Minister van Bosbou, kragtens die bevoegdheid hom verleen by genoemde artikel van genoemde Wet, hierby die betrokke gebied tot 'n gedemarkeerde bos.

BYLAE.

Distrik.	Beskrywing van grond.	Grootte.	
		Morg.	Vierkante roede.
Underberg	Reservaat No. 505, Boesmansnek-bosreservaat—		
	Samestellende gedeelte No. 1, Staatsgrond in Drakensbergopvanggebied	76,936	540
Impendle..	Samestellende gedeelte No. 2, S.A.M.R.-kamp	52	409
	Reservaat No. 510, Highmoorbosreservaat bestaande uit die volgende samestellende gedeeltes—		
Estcourt...	No. 1, Onvervreemde Staatsgrond	41,210	220
	No. 2, Chalgrove 9100.....	1,131	475
	No. 3, Sylvan Cliffs 9099.....	525	079
	No. 4, Taylor Block.....	9,272	239

DEPARTEMENT VAN BUITELANDSE SAKE.

No. 1409.] [11 September 1959.
 Dit het Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal behaag om op 27 Augustus 1959 sy goedkeuring te heg aan die erkenning van mnr. René Baumgartner as Vise-konsul van Switserland in Johannesburg met die Provinsies Transvaal, Oranje-Vrystaat en Natal as sy regsgebied, met ingang van 29 Junie 1959.

DEPARTMENT OF LANDS.

No. 1408.] [11 September 1959.
COMMITTEE OF MANAGEMENT, ZANDFONTEIN SETTLEMENT, DISTRICT OF BRITS.—APPOINTMENT OF MEMBERS.

It is hereby notified for general information that the Minister of Lands has, in terms of paragraphs 3 and 7 of the regulations framed under section *forty-six* of the Land Settlement Act, 1912 (Act No. 12 of 1912); read in conjunction with sub-section (2) of section *eighty-one* of the Land Settlement Act, 1956 (Act No. 21 of 1956), and published by Government Notice No. 1479 of the 4th July, 1952, appointed Messrs. Ockert Petrus Stephanus Calitz, Jacobus Andries Petrus du Toit and Johannes Petrus de Ridder, as members of the Committee of Management for that portion of the Hartbeespoort Government Water Scheme, District of Brits, known as Zandfontein, for a period of two years as from the 30th June, 1959.

Messrs. Thomas Gerhardus Zietsman and George Johannes de Ridder have, in accordance with paragraph 5 of the above-mentioned regulations, been elected to the said Committee for a period of two years as from the 30th June, 1959, and in terms of paragraph 11 (1) of the said regulations, the Minister of Lands has appointed Ockert Petrus Stephanus Calitz as Chairman of the Committee for the period mentioned.

DEPARTMENT OF FORESTRY.

No. 1399.] [11 September 1959.
DEMARICATION OF PORTIONS OF FOREST RESERVES IN THE DISTRICTS OF UNDERBERG, IMPENDLE AND ESTCOURT, NATAL.

The requirements of the law as set forth in section *nine* of the Forest Act, 1941 (Act No. 13 of 1941), as amended, having been complied with in regard to the proposed demarcation of the undermentioned area, previously referred to in Government Notice No. 737, dated 30th May, 1958, the Minister of Forestry, under the powers vested in him by the said section of the said Act, hereby declares the area in question to be demarcated forest.

SCHEDULE.

District.	Description of Land.	Area.	
		Morgen.	Square Roods.
Underberg	Reserve No. 505, Boesmansnek Forest Reserve—		
	Component No. 1, State Land in Drakensberg Catchment Area	76,936	540
Impendle..	Component No. 2, S.A.M.R. Camp	52	409
	Reserve No. 510, Highmoor Forest Reserve comprising the following components—		
Estcourt...	No. 1, Unalienated State Land	41,210	220
	No. 2, Chalgrove 9100.....	1,131	475
	No. 3, Sylvan Cliffs 9099.....	525	079
	No. 4, Taylor Block.....	9,272	239

DEPARTMENT OF EXTERNAL AFFAIRS.

No. 1409.] [11 September 1959.
 His Excellency the Governor-General has been pleased to approve on the 27th August, 1959, of the grant of recognition to Mr. René Baumgartner as Vice-Consul of Switserland in Johannesburg, with jurisdiction over the Provinces of Transvaal, the Orange Free State and Natal, with effect from the 29th June, 1959.

DEPARTEMENT VAN FINANSIES

No. 1424.] [11 September 1959.

Hierby word bekendgemaak dat die oordragboeke van ondergenoemde Plaaslike Geregistreerde Effekte van 15 September 1959 tot en met 15 Oktober 1959 gesluit sal wees en dat die dividende betaalbaar op 15 Oktober 1959 aan die effektebesitters wat op die datum van die sluiting van die oordragboeke geregistreer is, betaal sal word:—

- Plaaslike Geregistreerde 3-persent-effekte, 1959/69.
- Plaaslike Geregistreerde 4-persent-effekte, 1962.
- Plaaslike Geregistreerde $4\frac{1}{2}$ -persent-effekte, 1977.
- Plaaslike Geregistreerde $3\frac{1}{2}$ -persent-effekte, 1965/67.
- 5 Persent „Cape of Good Hope Colonial Stock (Perpetual)”.

DEPARTEMENT VAN DOEANE EN AKSYNS

No. 1407.] [11 September 1959.

DOEANEWET, 1955.—AANWYSING VAN 'N DOEANELUGHAWE.

Ek, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister van Finansies, handelende kragtens die bevoegdheid my verleë by artikel *veertien* van die Doeanewet, No. 55 van 1955, wysig hierby Goewermentskennisgewing No. 218 van 17 Februarie 1956, soos gewysig, by Goewermentskennisgewing No. 1331 van 19 September 1958, deur na die woorde „Durban: Louis Botha-lughawe” waar hulle onder die opskrif „Doeanevliegvelde” voorkom, die woorde „en die munisipale lughawe te Virginia” by te voeg.

T. E. DÖNGES,
Minister van Finansies.

OPMERKING.—Die uitwerking van hierdie kennisgewing is om die munisipale lughawe te Virginia, Durban, as 'n doeanelughawe aan te wys.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE.

No. 1410.] [27 Augustus 1959.

REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—NOORDOOS-KAAPLANDSE JUJKSEIBOND.

Die Minister van Binnelandse Sake het, kragtens die bepalings van subartikel (3) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die uniform en wapen van bogenoemde vereniging, soos beskryf in Goewermentskennisgewing No. 767 van 30 April 1959, geregistreer.

No. 1411.] [27 Augustus 1959.

HERROEPING VAN INSKRYWING INGEVOLGE DIE BESKERMING VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET, 1935.—GLENWILLIAM BOWLING CLUB.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Minister van Binnelandse Sake, kragtens die bepalings van artikel vyf van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die inskrywing ten opsigte van die naam, uniform en wapen van die Glenwilliam Bowling Club, soos dit verskyn in Goewermentskennisgewing No. 424 van 18 Februarie 1955, herroep het.

DEPARTMENT OF FINANCE.

No. 1424.] [11 September 1959.

Notice is hereby given that the Transfer Books of the undermentioned Local Registered Stock will be closed from the 15th September, 1959, to the 15th October, 1959, both days inclusive, and that the dividends due on the 15th October, 1959, will be paid to the Stockholders registered at the date of the closing of the Transfer Books:—

- 3 Per Cent Local Registered Stock, 1959/69.
- 4 Per Cent Local Registered Stock, 1962.
- $4\frac{1}{2}$ Per Cent Local Registered Stock, 1977.
- $3\frac{1}{2}$ Per Cent Local Registered Stock, 1965/67.
- 5 Per Cent Cape of Good Hope Colonial Stock (Perpetual).

DEPARTMENT OF CUSTOMS AND EXCISE.

No. 1407.] [11 September 1959.

CUSTOMS ACT, 1955.—APPOINTMENT OF A CUSTOMS AERODROME.

I, THEOPHILUS EBENHAEZER DÖNGES, Minister of Finance, in terms of the powers vested in me by section *fourteen* of the Customs Act, No. 55 of 1955, hereby amend Government Notice No. 218 of the 17th February, 1956, as amended by Government Notice No. 1331 of the 19th September, 1958, by the addition after the words “Durban: Louis Botha Airport” where they appear under the heading “Customs Aerodromes” of the words “and the municipal airport at Virginia”.

T. E. DÖNGES,
Minister of Finance.

NOTE.—The effect of this notice is to appoint the municipal airport at Virginia, Durban, as a customs aerodrome.

DEPARTMENT OF THE INTERIOR.

No. 1410.] [27 August 1959.

REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—NOORDOOS-KAAPLANDSE JUJKSEIBOND.

The Minister of the Interior has, in terms of sub-section (3) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the uniform and badge of the above-named association as described in Government Notice No. 767 of the 30th April, 1959.

No. 1411.] [27 August 1959.

REVOCATION OF REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT, 1935.—GLENWILLIAM BOWLING CLUB.

It is hereby notified for general information that the Minister of the Interior has, in terms of section *five* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), revoked the registration of the name, uniform and badge of the Glenwilliam Bowling Club, which appeared in Government Notice No. 424 of the 18th February, 1955.

No. 1412.] [28 Augustus 1959.
WET TOT REGELING VAN IMMIGRATIE, 1913.—
AMPTENARE GEMAGTIG OM PERMITTE TE
ONDERTEKEN.

Die Minister van Binnelandse Sake het ondervermelde amptenare kragtens subartikel (2) van artikel *drie-en-twintig* van die Wet tot Regeling van Immigratie, 1913 (Wet No. 22 van 1913), soos gewysig, gemagtig om tydelike permitte wat ooreenkomstig subartikel (1) van artikel *vyf-en-twintig* van voormelde Wet uitgereik word; te onderteken vanaf die datums teenoor hulle name vermeld.

Distrik.	Departement.	Naam.
Belfast.....	Justisie.....	Reyneke, Christiaan Beyers, met ingang van 1 Mei 1959.
Kroonstad.....	Justisie.....	du Plessis, Lourens Meintjies, met ingang van 1 Mei 1959.
Malmesbury.....	Justisie.....	Dreyer, Abraham Jacobus, met ingang van 1 Mei 1959.
Hopefield.....	Justisie.....	van den Berg, John Morris, met ingang van 1 Mei 1959.
Middelburg (Transvaal)	Justisie.....	Kleinhans, Theodorus, met ingang van 1 Mei 1959.
Ermelo.....	Justisie.....	Edwards, Petrus Johannes, met ingang van 1 Mei 1959.
Christiana.....	Justisie.....	Brits, Gileon Jacobus, met ingang van 1 Mei 1959.
Howick.....	Justisie.....	Nel, Louis, met ingang van 1 Junie 1959.
Richmond (K.P.)	Justisie.....	Cloete, Gideon Stephanus, met ingang van 1 Junie 1959.
Ermelo te Amsterdam	Justisie.....	Oosthuizen, Christiaan Jacobus, met ingang van 1 Junie 1959.
Bronkhorstspuit te Cullinan	Justisie.....	van der Vyver, Martinus Johannes, met ingang van 1 Junie 1959.
Springs.....	Justisie.....	Myburgh, Thomas Price, met ingang van 1 Junie 1959.
Laer-Tugela te Stanger	Justisie.....	de Villiers, Etienne Rocco, met ingang van 1 Mei 1959.
Barkly-Wes.....	Justisie.....	Nortje, Christoffel Antonie Johannes, met ingang van 1 Mei 1959.
Brits.....	Justisie.....	Ferreira, Andries, met ingang van 18 Mei 1959.
Brakpan.....	Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	Britz, Gert Cornelius Marthinus, met ingang van 11 Mei 1959.
Soutpansberg te Louis Trichardt	Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	de Beer, Marthinus Johannes, met ingang van 20 Mei 1959.
Lichtenburg en Delareyville	Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	Grant, Donald Sinclair, met ingang van 24 April 1959.
Kuruman.....	Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	van Heerden, Christian Johan, met ingang van 1 Maart 1959.
Mtunzini.....	Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	Fourie, Petrus Johannes, met ingang van 1 Junie 1959.
Bloemfontein....	Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	van Heyningen, Herbert Percyval, met ingang van 15 Mei 1959.
Vereeniging.....	Bantoe-administrasie en -ontwikkeling	Pitzer, Hendrik Johannes, met ingang van 4 Mei 1959.

No. 1412.] [28 August 1959.
IMMIGRANTS' REGULATION ACT, 1913.—
OFFICERS AUTHORISED TO SIGN PERMITS.

The Minister of the Interior has, in terms of sub-section (2) of section *twenty-three* of the Immigrants' Regulation Act, 1913 (Act No. 22 of 1913), as amended, authorised the undermentioned officers to sign temporary permits issuable in terms of sub-section (1) of section *twenty-five* of the Act from the dates opposite their names.

District.	Department.	Name.
Belfast.....	Justice.....	Reyneke, Christiaan Beyers, with effect from 1st May, 1959.
Kroonstad.....	Justice.....	du Plessis, Lourens Meintjies, with effect from 1st May, 1959.
Malmesbury.....	Justice.....	Dreyer, Abraham Jacobus, with effect from 1st May, 1959.
Hopefield.....	Justice.....	van den Berg, John Morris, with effect from 1st May, 1959.
Middelburg (Transvaal)	Justice.....	Kleinhans, Theodorus, with effect from 1st May, 1959.
Ermelo.....	Justice.....	Edwards, Petrus Johannes, with effect from 1st May, 1959.
Christiana.....	Justice.....	Brits, Gileon Jacobus, with effect from 1st May, 1959.
Howick.....	Justice.....	Nel, Louis, with effect from 1st June, 1959.
Richmond (C.P.)	Justice.....	Cloete, Gideon Stephanus, with effect from 1st June, 1959.
Ermelo at Amsterdam	Justice.....	Oosthuizen, Christiaan Jacobus, with effect from 1st June, 1959.
Bronkhorstspuit at Cullinan	Justice.....	van der Vyver, Martinus Johannes, with effect from 1st June, 1959.
Springs.....	Justice.....	Myburgh, Thomas Price, with effect from 1st June, 1959.
Lower Tugela at Stanger	Justice.....	de Villiers, Etienne Rocco, with effect from 1st May, 1959.
Barkly West....	Justice.....	Nortje, Christoffel Antonie Johannes, with effect from 1st May, 1959.
Brits.....	Justice.....	Ferreira, Andries, with effect from 18th May, 1959.
Brakpan.....	Bantu Administration and Development	Britz, Gert Cornelius Marthinus, with effect from 11th May, 1959.
Soutpansberg at Louis Trichardt	Bantu Administration and Development	de Beer, Marthinus Johannes, with effect from 20th May, 1959.
Lichtenburg and Delareyville	Bantu Administration and Development	Grant, Donald Sinclair, with effect from 24th April, 1959.
Kuruman.....	Bantu Administration and Development	van Heerden, Christian Johan, with effect from 1st March, 1959.
Mtunzini.....	Bantu Administration and Development	Fourie, Petrus Johannes, with effect from 1st June, 1959.
Bloemfontein....	Bantu Administration and Development	van Heyningen, Herbert Percyval, with effect from 15th May, 1959.
Vereeniging.....	Bantu Administration and Development	Pitzer, Hendrik Johannes, with effect from 4th May, 1959.

No. 1413.] [29 Augustus 1959.
REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING
VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET,
1935.—DELPHIC KOLLEGE.

Die Minister van Binnelandse Sake het, kragtens die bepalings van subartikel (3) van artikel *vier* van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die naam, spesiale naam en wapen van bogenoemde inrigting soos beskryf in Goewermmentskennisgewing No. 777 van 13 Mei 1959, geregistreer.

No. 1413.] [29 August, 1959.
REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION
OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT,
1935.—DELPHIC COLLEGE.

The Minister of the Interior has, in terms of sub-section (3) of section *four* of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the name, special name and badge of the above-mentioned institution as described in Government Notice No. 777 of the 13th May, 1959.

No. 1420.] [27 Augustus 1959.
REGISTRASIE INGEVOLGE DIE BESKERMING
VAN NAME, UNIFORMS EN WAPENS WET,
1935.—OOS-RANDSE JUKSKEIBOND.

Die Minister van Binnelandse Sake het, kragtens die bepalings van subartikel (3) van artikel vier van die Beskerming van Name, Uniforms en Wapens Wet, 1935 (Wet No. 23 van 1935), die uniform van bogenoemde vereniging, soos beskryf in Goewermenskennisgewing No. 776 van 11 Mei 1959, geregistreer.

DEPARTEMENT VAN ARBEID.

No. 1401.] [11 September 1959.
WET OP FABRIEKE, MASJINERIE EN BOUWERK,
1941.

ONAFGEBROKE WERK.

Namens die Minister van Arbeid verklaar ek, MARAIS VILJOEN, Adjunk-minister van Arbeid, hierby kragtens die voorbehoudsbepaling van paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel negentien van die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941, dat die impregnering van elektriese kragdrade met olie, die droogmaak van telefoonkabels met lugisolasië en die opwekking van stoom soos uitgeoefen deur African Cables, Ltd., in die landdrostrik Vereeniging, bedrywighede is waarin onafgebroke werk deur middel van drie skofte per dag nodig is.

M. VILJOEN,
Adjunk-minister van Arbeid.

No. 1402.] [11 September 1959.
LOONWET, No. 5 VAN 1957.

BROOD- EN BANKETNYWERHEID, PIETERMARITZBURG.

In opdrag van die Adjunk-minister van Arbeid word almal wie se belange regstreeks of onregstreeks geraak word deur die aanbeveling wat die Loonraad aan die Minister voorgelê het en wat in die Bylae hiervan verskyn, hierby ooreenkomstig paragraaf (a) van subartikel (1) van artikel dertien van die Loonwet, 1957, versoek om, as hulle besware het teen die maak van 'n vasstelling, ooreenkomstig die aanbeveling, daardie besware binne dertig dae na die publikasie van hierdie kennisgewing skriftelik by die Sekretaris van Arbeid, Privaatsak 117, Pretoria, in te dien.

(OPMERKING.—Die Loonraadverslag wat op hierdie aanbeveling betrekking het, is beskikbaar vir insae by die kantore van die Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Durban, en die Assistent Afdelingsinspekteur, Departement van Arbeid, Pietermaritzburg. Persone wat besware indien, in 'n ander vorm as in manuskrip, word versoek om sewe afskrifte van alle bygaande dokumente te verstrek.)

BYLAE.

AANBEVELING AAN SY EDELE DIE MINISTER VAN
ARBEID DEUR AFDELING B VAN DIE LOONRAAD.

BROOD- EN BANKETNYWERHEID, PIETERMARITZBURG.

1. GEBIED EN BESTEK VAN VASSTELLING.

Hierdie Vasstelling is van toepassing op alle werknemers werksaam in die Brood- en Banketnywerheid in die landdrostrik Pietermaritzburg en op die werkgewers van sodanige werknemers.

2. WOORDOMSKRYWING.

Tensy dit uit die samehang anders blyk, het alle uitdrukkings wat in hierdie Vasstelling gebruik en in die Loonwet, 1957, omskryf word, dieselfde betekenis as in daardie Wet, en tensy strydig met die samehang, beteken—

„ambagsman” ’n werknemer, uitgesonderd ’n bakker of banketbakker, wat werk doen wat gewoonlik deur ’n geskoolde ambagsman verrig word, en vir die toepassing van hierdie omskrywing beteken „geskoolde ambagsman” ’n persoon wat sy leertyd deurgemaak het in ’n bedryf wat ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, aangewys is of geag word aan-

No. 1420.] [27 August 1959.
REGISTRATION IN TERMS OF THE PROTECTION
OF NAMES, UNIFORMS AND BADGES ACT,
1935.—OOS-RANDSE JUKSKEIBOND.

The Minister of the Interior has, in terms of sub-section (3) of section four of the Protection of Names, Uniforms and Badges Act, 1935 (Act No. 23 of 1935), registered the uniform of the above-mentioned association as described in Government Notice No. 776 of the 11th May, 1959.

DEPARTMENT OF LABOUR.

No. 1401.] [11 September 1959.
FACTORIES, MACHINERY AND BUILDING WORK
ACT, 1941.

CONTINUOUS WORKING.

On behalf of the Minister of Labour, I, MARAIS VILJOEN, Deputy-Minister of Labour, in terms of the proviso to paragraph (a) of sub-section (1) of section nineteen of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941, hereby declare the impregnating with oil of electrical power cables, the drying of dry core telephone cables and the generation of steam as carried out by African Cables, Ltd., in the Magisterial District of Vereeniging, to be activities in which continuous working by means of three shifts per day is necessary.

M. VILJOEN,
Deputy-Minister of Labour.

No. 1402.] [11 September 1959.
WAGE ACT, No. 5 OF 1957.

BREAD AND CONFECTIONERY INDUSTRY.— PIETERMARITZBURG.

By direction of the Deputy Minister of Labour, all persons whose interests may be affected directly or indirectly by the recommendation which has been submitted to the Minister by the Wage Board and which appears in the Schedule hereto, and who have any objections to the making of a determination in accordance with the recommendations are hereby, in terms of paragraph (a) of sub-section (1) of section thirteen of the Wage Act, 1957, invited to lodge such objections, in writing, with the Secretary for Labour, Private Bag 117, Pretoria, within thirty days after publication of this notice.

(Note.—The report of the Wage Board pertaining to this recommendation is available for inspection at the offices of the Divisional Inspector, Department of Labour, Durban, and Assistant Divisional Inspector, Department of Labour, Pietermaritzburg. Persons lodging objections other than in manuscript are requested to furnish seven copies of their statement of objections and seven copies of any accompanying documents.)

SCHEDULE.

RECOMMENDATION TO THE HONOURABLE THE
MINISTER OF LABOUR BY DIVISION B OF THE
WAGE BOARD.

BREAD AND CONFECTIONERY INDUSTRY, PIETERMARITZBURG.

1. AREA AND SCOPE OF DETERMINATION.

This Determination shall apply to all employees employed in the Bread and Confectionery Industry in the magisterial district of Pietermaritzburg and to the employers of such employees.

2. DEFINITIONS.

(1) Unless the context otherwise indicates, any expression which is used in this Determination and which is defined in the Wage Act, 1957, has the same meaning as in that Act, and unless inconsistent with the context—

“artisan” means an employee, other than a baker or confectioner, who is engaged in work normally performed by a skilled artisan, and for the purpose of this definition the expression “skilled artisan” means a person who has served his apprenticeship in a trade designated or deemed to have

gewys te wees of wat in besit is van 'n bevoegdheidsertifikaat wat die Registrateur van Vakleerlinge ingevolge artikel ses van die Wet op Opleiding van Ambagsmanne, 1951, aan hom uitgereik het of 'n sertifikaat wat genoemde Registrateur of ingevolge artikel twee (7) of artikel sewe (3) van genoemde Wet aan hom uitgereik het;

„bakker” 'n werknemer wat—

- (a) minstens vier jaar ondervinding van broodmakery gehad het, of
- (b) ooreenkomstig die Wet op Vakleerlinge, 1944, sy leertyd deurgemaak het in die bedryf van brood- en banketbakkerij (kleingoodere);

wat enige werk verrig in verband met die maak van brood en wat toesig hou oor werknemers wat ondergenoemde werksaamhede verrig:—

- (i) Deeg terugsnij of -slaan;
- (ii) bestanddele meng of deeg maak;
- (iii) brode weeg, vorm, vleg of fouteeneer;
- (iv) brode in oonde steek of daaruit haal;
- (v) die temperatuur van oonde reël;

„bakkersassistent” 'n werknemer, uitgesonderd 'n graad I-werknemer, wat onder die toesig van 'n voormanbakker of 'n bakker een of meer van die werksaamhede verrig wat in punte (i) tot en met (v) in die woordomskrywing van „bakker” genoem word;

„stoomketelbediende” 'n werknemer wat onder algemene toesig die waterstand en stoomdruk in 'n stoomketel in stand hou en wat die vuur in sodanige stoomketel kan maak, stook of uithaal;

„brood” sonder om die gewone betekenis daarvan te beperk, ook bolletjies, rolle en luukse-brood;

„Brood- en Banketnywerheid” die nywerheid waarin werkgewers en werknemers in 'n bedryfsinrigting wat ingevolge die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941, geregistreer is of aan registrasie onderworpe is, met mekaar geassosieer is met die doel om brood of banket of albei vir verkoop te maak of te vervaardig, en ook die distribusie, deur sodanige werkgewers, van brood of banket of albei, en verder ook alle werksaamhede wat hoort by of voortspruit uit enigeen van genoemde werksaamhede;

„los werknemer” 'n werknemer wat vir hoogstens drie dae 'n week deur dieselfde werkgewer in diens geneem word;

„klerk” 'n werknemer wat skryfwerk, tikwerk, liasseerwerk of enige ander soort klerklike werk verrig, en ook 'n kassier en telefonis, maar nie 'n fabrieksklerk, voorman of inspekteur of enige ander klas werknemer wat elders in hierdie klousule omskryf word nie, niesteenstaande die feit dat klerklike werk 'n deel van sodanige werknemer se pligte mag uitmaak;

„klerk, vroulik, gekwalifiseer,” 'n vroulike klerk met minstens vier jaar ondervinding;

„klerk, vroulik, ongekwalifiseer,” 'n vroulike klerk met minder as vier jaar ondervinding;

„klerk, manlik, gekwalifiseer,” 'n manlike klerk met minstens vyf jaar ondervinding;

„klerk, manlik, ongekwalifiseer,” 'n manlike klerk met minder as vyf jaar ondervinding;

„banketbakker” 'n werknemer wat—

- (a) minstens vier jaar ondervinding in die maak van banket gehad het, of
- (b) sy leertyd ingevolge die Wet op Vakleerlinge, 1944, deurgemaak het in die banketbedryf,

wat banket maak en toesig hou oor werknemers wat een of meer van ondergenoemde werksaamhede verrig:—

- (i) bestanddele wat in die maak van banket gebruik word, weeg, afmeet of meng;
- (ii) mengsels weeg en dit in panne of ander houers plaas om dit te kook of te bak;
- (iii) banket in oonde plaas of daaruit haal;
- (iv) banket versier, vul of afwerk;
- (v) die temperatuur van oonde reël;

„banketbakkersassistent” 'n werknemer, uitgesonderd 'n graad I-werknemer, wat onder die toesig van 'n voormanbanketbakker of 'n banketbakker—

- (i) enige masjien bedien, uitgesonderd 'n oond, wat gebruik word in die maak van banket; of
- (ii) een of meer van die werksaamhede verrig wat in items (i) tot en met (v) in die woordomskrywing van „banketbakker” genoem word;

„banket” sonder om die gewone betekenis daarvan te beperk, ook rolle, kitkes, koeke, soetgebak, beskuit, vleispasteie, pastete, worsrolletjies, botterbroodjies en suurdeeggebak, uitgesonderd brood, maar nie ook wafels, roomyswafels en -keëls, honde- of kleinhondjiesbeskuitjies, pretzels en matzos nie;

„lewenskostetoelae” die toelae voorgeskryf in Oorlogsmaat-reël No. 43 van 1942, soos gewysig, en soos uitgelê ooreenkomstig artikel twee van die Wet op die Voortsetting van Oorlogsmaatreëls, 1950: Met dien verstande dat, indien 'n werkgewer 'n werknemer gereeld 'n hoër lewenskostetoelae betaal as wat voorgeskryf is, dit sodanige hoër toelae beteken;

been designated under the Apprenticeship Act, 1944, or who holds a certificate of proficiency issued to him by the Registrar of Apprenticeship in terms of section six of the Training of Artisans Act, 1951, or a certificate issued to him by the said Registrar in terms of either section two (7) or section seven (3) of the said Act;

„baker” means an employee who—

- (a) has had not less than four years' experience in the making of bread, or
- (b) has served his apprenticeship in the trade of bread baking and confectionery (small) in terms of the Apprenticeship Act, 1944;

who is engaged in any activity in the making of bread and who supervises employees engaged in performing any one or more of the following operations:—

- (i) cutting back or knocking back dough;
- (ii) mixing ingredients or making dough;
- (iii) scaling, moulding, plaiting or shaping loaves;
- (iv) putting into or removing bread from ovens;
- (v) regulating the temperature of ovens;

„baker's assistant” means an employee, other than a grade I employee, who, under the supervision of a foreman baker or a baker, performs any one or more of the operations mentioned in items (i) to (v), inclusive, in the definition of baker;

„boiler attendant” means an employee who, under general supervision, maintains the water level and steam pressure in a boiler and who may make, maintain or draw the fire in such boiler;

 - (iii) sodanige werknemer betyds minstens twee sjielings en ses pennies betaal het om haar in staat te stel om 'n ete te verkry en te nuttig voordat die oortydwerk moet begin.
- (9) *Betaling vir oortyd.*—'n Werkgever moet aan 'n werknemer wat oortyd werk, besoldiging betaal teen 'n skaal van minstens—
- (a) in die geval van 'n los werknemer, een en 'n half maal sy dagloon gedeel deur agt ten opsigte van elke uur of gedeelte van 'n uur aldus op 'n dag gewerk;
 - (b) in die geval van enige ander werknemer, een en 'n derde maal sy uurloon ten opsigte van elke uur of gedeelte van 'n uur aldus in 'n week gewerk.
- (10) *Voorbehoudsbepalings.*—(a) Die bepalinge van hierdie klousule geld nie vir 'n bestuurder, onderbestuurder, voorman of vir 'n senior besturende, professionele of administratiewe werknemer nie indien en terwyl sodanige werknemer 'n gereelde loon teen 'n skaal van minstens £780 per jaar ontvang, en ook nie vir 'n wag nie.
- (b) Die bepalinge van subklousules (4), (5) and (7) geld nie vir 'n werknemer gedurende enige tydperk waarin hy noodwerk verrig nie.
- (c) Die bepalinge van subklousule (4) geld nie vir 'n besteller, drywer, inspekteur, bestelwabediende of 'n bestelwabediende se assistent nie.
- (11) Vir die toepassing van subklousules (9) en (10) beteken die uitdrukking „loon” 'n werknemer se loon plus sy lewenskostoelae.

6. JAARLIKSE VERLOF.

- (1) Behoudens die bepalinge van subklousules (2) en (3), moet 'n werkgever aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke voltooid tydsperk van twaalf maande diens by hom, die volgende toestaan:—
- (a) in die geval van 'n wag, een-en-twintig agtereenvolgende kalenderdae verlof;

- (b) in the case of an employee other than a vanman, vanman's assistant, driver or delivery employee—
- (i) forty-six in any week from Monday to Saturday, inclusive, and
 - (ii) subject to sub-paragraph (i) hereof, eight on any day, unless the hours on any one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and a half.
- (2) An employer shall not require or permit a casual employee to work more ordinary hours of work than eight on any day.
- (3) An employer shall not require or permit his driver, delivery employee, vanman or vanman's assistant to commence work earlier than 6 o'clock a.m.: Provided that an employee may be required or permitted—
- (i) for the purpose of delivering bread to a railway station for despatch by train or to a hospital;
 - (ii) during the period 20th to 31st December, inclusive;
 - (iii) on the Thursday immediately preceding Good Friday;
 - (iv) for a period not exceeding one week during the holding of the Royal Agricultural Show,
- to commence work at 5 o'clock a.m.
- (4) *Meal Intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than half an hour during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed not to be part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—
- (i) periods of work interrupted by intervals of less than half an hour shall be deemed to be continuous;
 - (ii) if such interval be longer than half an hour, any period in excess of one hour shall be deemed to be time worked.
- (5) *Hours of Work to be Consecutive.*—Save as provided in sub-clause (4), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.
- (6) *Overtime.*—All time worked by an employee in excess of the number of ordinary hours prescribed in sub-clauses (1) and (2) shall be deemed to be overtime.
- (7) *Limitation of Overtime.*—An employer shall not require or permit his employee to work overtime for more than—
- (a) in the case of a casual employee, two hours on any day;
 - (b) in the case of any other employee, ten hours in any week.
- (8) *Female Employees.*—Notwithstanding anything to the contrary contained in this clause, an employer shall not require or permit a female employee to work—
- (a) between 6 o'clock p.m. and 6 o'clock a.m.;
 - (b) after 1 o'clock p.m. on more than five days a week;
 - (c) overtime for more than two hours on any day;
 - (d) overtime on more than three consecutive days in any week;
 - (e) overtime on more than sixty days in any year;
 - (f) overtime after completion of her ordinary hours of work for more than one hour on any day unless he has—
- (i) before midday given notice thereof to such employee, or
 - (ii) provided such employee with an adequate meal and allowed her sufficient time to have it before she has to commence overtime, or
 - (iii) paid such employee not less than two shillings and sixpence in sufficient time to enable her to obtain and have a meal before overtime is due to commence.
- (9) *Payment for Overtime.*—An employer shall pay an employee who works overtime at a rate of not less than—
- (a) in the case of a casual employee, one and a third times his daily wage divided by eight in respect of each hour or part of an hour so worked on any day;
 - (b) in the case of any other employee, one and a third times his hourly wage in respect of each hour or part of an hour so worked in any week.
- (10) *Savings.*—(a) The provisions of this clause shall not apply to a manager, sub-manager, foreman or to a senior managerial, professional or administrative employee if and for so long as such an employee is paid a regular wage at a rate of not less than £780 per annum, nor to a watchman.
- (b) The provisions of sub-clauses (4), (5) and (7) shall not apply to an employee during any period during which he is engaged on emergency work.
- (c) The provisions of sub-clause (4) shall not apply to a delivery employee, driver, inspector, vanman or a vanman's assistant.
- (11) For the purpose of sub-clauses (9) and (10) the expression “wage” shall mean an employee's wage plus his cost of living allowance.

6. ANNUAL LEAVE.

- (1) Subject to the provisions of sub-clauses (2) and (3), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, in respect of each completed period of twelve months' employment with him—
- (a) in the case of a watchman, twenty-one consecutive calendar days' leave;

(b) in die geval van enige ander werknemer, veertien agtereenvolgende kalenderdae verlof; en sodanige werknemer ten opsigte van sodanige verlof die volgende betaal:—

- (i) in die geval van 'n wag, 'n bedrag van minstens drie maal die weekloon waarop hy vanaf die eerste dag van sy verlof geregtig is;
- (ii) in die geval van enige ander werknemer, 'n bedrag van minstens dubbel die weekloon waarop hy vanaf die eerste dag van sy verlof geregtig is:

Met dien verstande dat die weekloon van 'n werknemer wat ingevolge klousule 9 (1) stukwerk doen, bereken moet word op die grondslag gemeld in artikel 20 (5) van die Wet op Fabriek, Masjinerie en Bouwerk, 1941.

(2) Die verlof voorgeskryf in subklousule (1), moet toegestaan word op 'n tyd wat die werkgewer bepaal: Met dien verstande dat—

- (i) indien sodanige verlof nie vroeër toegestaan is nie, dit behoudens die bepalings van subklousule (3) so toegestaan moet word dat dit begin binne twee maande na voltooiing van die twaalf maande diens waarop dit betrekking het of, indien die werkgewer en sy werknemer daartoe ooreenkom, die tydperk waarin sodanige verlof toegestaan moet word, verleng kan word tot 'n tydperk van hoogstens ses maande bereken vanaf die voltooiing van die twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het;
- (ii) die verloftydperk nie mag saamval met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is nie, en ook nie met enige tydperk van militêre opleiding nie tensy die werknemer dit versoek en die werkgewer skriftelik daarmee instem;
- (iii) indien Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Gelofte-dag of Kersdag binne die tydperk van sodanige verlof val, nog 'n werkdag vir elke sodanige dag by genoemde tydperk gevoeg moet word as verdere verlof en aan werknemer 'n bedrag van minstens sy dagloon betaal moet word ten opsigte van elke dag aldus bygevoeg;
- (iv) 'n werkgewer elke dag geleentheidsverlof met volle besoldiging wat hy gedurende die tydperk van twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het, op die skriftelike versoek van sy werknemer toegestaan het, van die verlof kan aftrek.

(3) (a) 'n Werkgewer kan op die skriftelike versoek van 'n werknemer die verlof laat ooploop oor 'n tydperk van hoogstens vier-en-twintig maande diens: Met dien verstande dat—

- (i) so 'n versoek nie later as twee maande na afloop van die eerste tydperk van twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het, deur die werknemer gedoen word nie, en
- (ii) die werkgewer die datum van ontvangs van sodanige versoek op die versoek skryf, dit onderteken en die versoek bewaar vir 'n tydperk van minstens drie jaar vanaf sodanige datum of die datum van afloop van die eerste tydperk van twaalf maande diens waarop die verlof betrekking het, d.w.s. van die jongste datum af.

(b) Die bepalings van subklousule (2) geld *mutatis mutandis* vir die verlof in hierdie klousule bedoel.

(4) *Verlofbesoldiging*.—Die besoldiging ten opsigte van die verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), moet voor of op die laaste werkdag voor die aanvangsdatum van die verlof betaal word.

(5) 'n Werknemer wie se dienskontrak gedurende 'n tydperk van twaalf maande diens by dieselfde werkgewer eindig voordat die verlof voorgeskryf in subklousule (1), ten opsigte van daardie tydperk opgeloop het, moet by sodanige beëindiging en benewens enige ander besoldiging wat hom toekom, ten opsigte van elke voltooide maand dien van sodanige dienstydyperk 'n bedrag betaal word van minstens—

- (a) in die geval van 'n wag, eenkwart, en
- (b) in die geval van alle ander werknemers, een sesde,

van die weekloon wat hy onmiddellik voor sodanige beëindiging ontvang het: Met dien verstande dat 'n werkgewer 'n proporsionele bedrag kan aftrek ten opsigte van enige verloftydperk wat ingevolge die vierde voorbehoudsbepaling van subklousule (2) aan 'n werknemer toegestaan is, en voorts met dien verstande dat 'n werknemer—

- (i) wat sy diens verlaat sonder om dit op te sê en die opseggingstermyn uit te dien wat in klousule 12 voorgeskryf word—tensy die werkgewer sodanige opsegging laat vaar het; of
- (ii) wat sy diens sonder 'n regsgeldige rede verlaat; of
- (iii) wat deur sy werkgewer sonder kennisgewing ontslaan word om 'n rede wat vir sodanige ontslag regsgeldig is; nie op enige betaling kragtens hierdie subklousule geregtig is nie.

(6) 'n Werknemer wat op 'n tydperk van verlof voorgeskryf in subklousule (1), gelees met subklousule (3), geregtig geword het en wie se dienskontrak eindig voordat sodanige verlof toegestaan is, moet by sodanige beëindiging die bedrag betaal word wat hy ten opsigte van die verlof sou ontvang het as die verlof aan hom toegestaan was op die datum van die beëindiging.

(b) in the case of every other employee, fourteen consecutive calendar day's leave; and shall pay such employee in respect of such leave—

- (i) in the case of a watchman, an amount of not less than three times the weekly wage to which he is entitled as from the first day of his leave;
- (ii) in the case of every other employee, an amount of not less than double the weekly wage to which he is entitled as from the first day of the leave:

Provided that the weekly wage of an employee who is engaged on piece-work in terms of clause 9 (1) shall be calculated on the basis set out in section twenty (5) of the Factories, Machinery and Building Work Act, 1941.

(2) The leave prescribed in sub-clause (1) shall be granted at a time to be fixed by the employer: Provided that—

- (i) if such leave has not been granted earlier, it shall, save as provided in sub-clause (3), be granted so as to commence within two months after the completion of the twelve months of employment to which it relates or, if the employer and his employee agrees thereto, the period within which such leave must be granted may be increased to a period not exceeding six months reckoned from the completion of the twelve months of employment to which the leave relates;
- (ii) the period of leave shall not be concurrent with sick leave granted in terms of clause 7 nor, unless the employee so requests and the employer agrees in writing, with any period of military training;
- (iii) if New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day falls within the period of such leave, another work day shall, for each such day, be added to the said period as a further period of leave and the employee shall be paid an amount of not less than his daily wage in respect of each such day added;
- (iv) an employer may set off against such period of leave any days of occasional leave granted on full pay to his employer at his employee's written request during the period of twelve months of employment to which the period of leave relates.

(3) (a) At the written request of an employee, an employer may permit the leave to accumulate over a period of not more than twenty-four months of employment: Provided that—

- (i) such request is made by such employee not later than two months after the expiry of the first period of twelve months' employment to which the leave relates, and
- (ii) the date of the receipt of such request is endorsed on the request over his signature by the employer, who shall retain such request for a period of not less than three years from such date or the date of the expiry of the first period of twelve months' employment to which the leave relates, whichever is the later.

(b) The provisions of sub-clause (2) shall *mutatis mutandis* apply to the leave referred to in this sub-clause.

(4) *Leave Remuneration*.—The remuneration in respect of the leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), shall be paid not later than the last work day before the date of commencement of the leave.

(5) An employee whose contract of employment terminates during any period of twelve months of employment with the same employer before the period of leave prescribed in sub-clause (1) in respect of that period has accrued shall, upon such termination, and in addition to any other remuneration which may be due to him, be paid in respect of each completed month of such period of employment an amount of not less than—

- (a) in the case of a watchman, one-fourth, and
- (b) in the case of every other employee, one-sixth,

of the weekly wage he was receiving immediately before the date of such determination: Provided that an employer may make a proportionate deduction in respect of any period of leave granted to an employee in terms of the fourth proviso to sub-clause (2) and provided further that an employee—

- (i) who leaves his employment without having given and served the period of notice prescribed in clause 12, unless the employer has waived such notice; or
- (ii) who, leaves his employment without cause recognised by law as sufficient; or
- (iii) who is dismissed by his employer without notice for any cause recognised by law as sufficient for such dismissal without notice,

shall not be entitled to any payment by virtue of this sub-clause.

(6) An employee who has become entitled to a period of leave prescribed in sub-clause (1), read with sub-clause (3), and whose contract of employment terminates before such leave has been granted, shall, upon such termination, be paid the amount he would have received in respect of the leave had the leave been granted to him as at the date of the termination.

(7) Vir die toepassing van hierdie klousule, word die uitdrukking "diens" geag alle tydperke in te sluit ten opsigte waarvan 'n werkgewer ingevolge subklousule (1) van klousule 12 aan 'n werknemer 'n bedrag betaal ter vervanging van opsegging en ook enige tydperk of tydperke waarin 'n werknemer afwesig is—

- (a) met verlof ingevolge subklousule (1);
- (b) met siekteverlof ingevolge klousule 7;
- (c) op las of op versoek van sy werkgewer;
- (d) om militêre opleiding te ondergaan,

vir altesaam hoogstens tien weke in 'n jaar ten opsigte van punte (a), (b) en (c), plus enige tydperk van militêre opleiding wat hy in daardie jaar ondergaan het, en diens word geag te begin—

- (i) in die geval van 'n werknemer wat voor die inwerking-treding van hierdie Vasstelling op 'n tydperk van jaarlikse verlof ingevolge 'n wet geregtig geword het, op die datum waarop sodanige werknemer laas op sodanige verlof ingevolge daardie wet geregtig geword het;
- (ii) in die geval van 'n werknemer wat voor die inwerking-treding van hierdie Vasstelling in diens was en op die 'n wet wat vir jaarlikse verlof voorsiening maak, betrekking gehad het maar wat nog nie daarkragtens op verlof geregtig geword het nie, op die datum waarop sodanige diens begin het;
- (iii) in die geval van enige ander werknemer, op die datum waarop sodanige werknemer in diens was en op die datum waarop getree het of op die datum waarop hierdie Vasstelling van krag geword het, naamlik die datum wat die jongste is.

(8) Vir die toepassing van hierdie klousule beteken die uitdrukking "loon" 'n werknemer se loon plus sy lewenskoste-toelae.

7. SIEKTEVERLOF.

(1) Behoudens die bepalings van subklousule (2), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat van sy werk afwesig is weens ongeskiktheid, altesaam hoogstens vier-en-twintig werkdade siekteverlof gedurende 'n tydkring van vier-en-twintig agtereenvolgende maande diens by hom toestaan en moet sodanige werkgewer aan sodanige werknemer ten opsigte van enige tydperk van afwesigheid ingevolge hierdie subklousule minstens die loon betaal wat hy sou ontvang het as hy daardie tydperk gewerk het: Met dien verstande dat—

- (i) in die eerste vier-en-twintig agtereenvolgende maande diens 'n werknemer nie op meer as een werkdag siekteverlof met volle betaling tien opsigte van elke voltooide maand diens geregtig is nie;
- (ii) Hierdie klousule nie geld nie vir 'n werknemer op wie se skriftelike versoek 'n werkgewer bydraes, minstens gelyk aan dié wat die werknemer daarin stort, betaal aan enige fonds of organisasie wat die werknemer aanwys en wat aan die werknemer waarborg dat, in geval van ongeskiktheid in die omstandighede uiteengesit in hierdie klousule, aan hom altesaam minstens die bedrag gelyk aan sy loon vir vier-en-twintig werkdade in 'n tydkring van vier-en-twintig maande diens betaal sal word, behalwe dat gedurende die eerste vier-en-twintig maande waarin die bydraes deur die werknemer betaal word, die gewaarborgde skaal nie hoër as die aanwassingskaal gemeld in die eerste voorbehoudsbepaling van hierdie klousule, hoef te wees nie;
- (iii) waar 'n werkgewer ingevolge enige wet verplig is om gelde vir die hospitaal- of mediese behandeling van 'n werknemer te betaal en hy wel sodanige gelde betaal, die bedrag aldus betaal, afgetrek kan word van die bedrag dat verskuldig is ten opsigte van afwesigheid weens ongeskiktheid soos in hierdie klousule bepaal;
- (iv) as 'n werkgewer by enige ander wet verplig word om 'n werknemer sy volle loon te betaal ten opsigte van enige tydperk van ongeskiktheid waarvoor hierdie klousule voorsiening maak, die bepalings van hierdie klousule nie geld nie;
- (v) die loon wat aan 'n werknemer wat stukwerk doen, betaal moet word vir 'n tydperk van afwesigheid met siekteverlof soos in hierdie klousule bepaal, bereken moet word op grondslag van die besoldiging wat aan sodanige werknemer op sy betaaldag onmiddellik voor sodanige afwesigheid betaal is.

(2) Die werkgewer kan, as voorafgaande voorwaarde vir die betaling deur hom, van 'n bedrag wat kragtens hierdie klousule deur 'n werknemer geëis word ten opsigte van afwesigheid vir 'n tydperk van meer as drie agtereenvolgende kalenderdae, eis dat die werknemer 'n sertifikaat indien wat deur 'n mediese praktisyn onderteken is en wat die aard en duur van die werknemer se ongeskiktheid bevestig.

(3) Waar 'n werknemer gedurende die eerste tydkring van vier-en-twintig maande diens by dieselfde werkgewer weens ongeskiktheid afwesig is vir 'n langer tydperk as die siekteverlof wat hy ten tyde van sodanige ongeskiktheid tegoed het, is hy slegs ten opsigte van die siekteverlof wat hy aldus tegoed het, op betaling geregtig; maar sy werkgewer moet, as hy dit nie voorheen gedoen het nie, by verstryking van genoemde diens-tydkring of by diensbeëindiging voor sodanige verstryking, hom ten opsigte van dié tydperk van afwesigheid weens ongeskiktheid betaal wat hy aan siekteverlof by sodanige verstryking of beëindiging tegoed het maar nog nie geneem het nie.

(7) For the purpose of this clause the expression "employment" shall be deemed to include any period in respect of which an employer, in terms of sub-clause (1) of clause 12, pays an employee in lieu of notice and also any period or periods during which an employee is absent—

- (a) on leave in terms of sub-clause (1);
- (b) on sick leave in terms of clause 7;
- (c) on the instructions or at the request of his employer;
- (d) undergoing any military training,

amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks in respect of items (a), (b) and (c), plus any period of military training undergone in that year, and employment shall be deemed to commence—

- (i) in the case of an employee who had before coming into force of this Determination become entitled to a period of annual leave in terms of any law, on the date on which such employee last became entitled to such leave under such law;
- (ii) in the case of an employee who was in employment before the date of commencement of this Determination and to whom any law providing for annual leave applied but who had not become entitled to leave in terms thereof, on the date on which such employment commenced;
- (iii) in the case of any other employee, on the date on which such employee entered his employer's service or on the date of the coming into force of this Determination, whichever is the later.

(8) For the purpose of this clause the expression "wage" shall mean an employee's wage plus his cost of living allowance.

7. SICK LEAVE.

(1) Subject to the provisions of sub-clause (2), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, who is absent from work through incapacity not less than twenty-four work days of sick leave in the aggregate during each cycle of twenty-four consecutive months of employment with him, and shall pay such employee in respect of any period of absence in terms of this sub-clause not less than the wage he would have received had he worked during such period: Provided that—

- (i) in the first twenty-four consecutive months of employment an employee shall not be entitled to sick leave on full pay at a rate of more than one work day in respect of each completed month of employment;
- (ii) this clause shall not apply to an employee at whose written request an employer makes contributions, at least equal to those made by the employee, to any fund or organisation nominated by the employee, which fund or organisation guarantees to the employee in the event of his incapacity in the circumstances set out in this clause the payment to him of not less than in the aggregate the equivalent of his wage of twenty-four work days in each cycle of twenty-four months' employment, except that during the first twenty-four months of the payment of contributions by the employee the guaranteed rate need not exceed the rate of accrual set out in the first proviso to this sub-clause;
- (iii) where an employer is by any law required to pay fees for hospital or medical treatment in respect of an employee, and pays such fees, the amount so paid may be set off against the payment due in respect of absence owing to incapacity in terms of this clause;
- (iv) if in respect of any period of incapacity covered by this clause an employer is required by any other law to pay to an employee his full wages, the provisions of this clause shall not apply;
- (v) the wages payable to an employee, who is employed on piece-work, for any period of absence on sick leave in terms of this clause, shall be calculated on the basis of the remuneration paid to such employee on his pay day immediately preceding such absence.

(2) An employer may, as a condition precedent to the payment by him of any amount claimed in terms of this clause by an employee in respect of any absence from work for a period covering more than three consecutive calendar days, require the employee to produce a certificate signed by a medical practitioner confirming the nature and duration of the employee's incapacity.

(3) Where, during the first cycle of twenty-four months of employment with the same employer, an employee is absent owing to incapacity for a period in excess of any sick leave accrued at the time of such incapacity, he shall be entitled to be paid only in respect of such sick leave as has so accrued; but his employer shall, if he has not previously done so, at the expiry of the said cycle of employment or on termination of employment before such expiry, pay him in respect of such excess period of absence owing to incapacity to the extent to which sick leave, accrued at such expiry or termination, had not been taken.

(4) Vir die toepassing van hierdie klousule—

- (a) word die uitdrukking "diens" geag enige tydperk of tydperke in te sluit waarin 'n werknemer afwesig is—
- (i) met verlof ingevolge klousule 6,
 - (ii) op las of op versoek van sy werkgewer,
 - (iii) met siekteverlof ingevolge subklousule (1),
 - (iv) om militêre opleiding te ondergaan,
- wat in 'n jaar altesaam op nie meer as tien weke ten opsigte van punte (i), (ii) en (iii) te staan kom nie, plus enige tydperk van militêre opleiding wat hy in daardie jaar ondergaan het, en enige dienstydsperk wat 'n werknemer by dieselfde werkgewer gehad het onmiddellik voor die datums waarop hierdie Vasstelling in werking tree, moet vir die toepassing van hierdie klousule geag word diens ooreenkomstig die bepalings van hierdie Vasstelling te wees, en enige siekteverlof met volle betaling wat aan sodanige werknemer gedurende sodanige tydperk toegestaan is, word geag toegestaan te wees ingevolge hierdie Vasstelling;
- (b) beteken „ongeskiktheid” onvermoë om te werk as gevolg van siekte of 'n besering, uitgesonderd dié wat deur 'n werknemer se eie wangedrag veroorsaak is: Met dien verstande dat enige onvermoë om te werk wat veroorsaak is deur 'n ongeluk waarvoor vergoeding ingevolge die Ongevalwet, 1941, betaalbaar is, geag moet word onvermoë te wees slegs ten opsigte van enige tydperk van onvermoë om te werk waarvoor geen betaling vir ongeschiktheid ingevolge daardie Wet betaalbaar is nie;
- (c) beteken „loon” 'n werknemer se loon plus sy lewenskostoelae.

8. OPENBARE VAKANSIEDAE EN SONDAE.

(1) *Openbare vakansiedae.*—'n Werknemer wat nie verplig word om op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag te werk nie, moet vir die week waarin sodanige dag val, minstens sy weekloon betaal word.

(2) Wanneer 'n werknemer op Nuwejaarsdag, Goeie Vrydag, Hemelvaartsdag, Geloftedag of Kersdag werk, moet sy werknemer hom vir die week waarin sodanige dag val, minstens sy weekloon, plus sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat die werknemer altesaam op sodanige dag gewerk het, betaal: Met dien verstande dat waar 'n werknemer minder as vier uur op sodanige dag werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(3) *Vergoeding vir werk op 'n Sondag.*—Wanneer 'n werknemer op 'n Sondag werk, moet sy werkgewer hom of—

- (i) dubbel sy dagloon betaal, of
- (ii) een en een derde maal sy uurloon vir elke uur of gedeelte van 'n uur wat hy altesaam op sodanige Sondag gewerk het, betaal en hom binne veertien dae na sodanige Sondag een dag verlof toestaan en hom ten opsigte daarvan minstens sy dagloon betaal: Met dien verstande dat waar sodanige werknemer verplig of toegelaat word om minder as vier uur op sodanige Sondag te werk, hy geag word vier uur te gewerk het.

(4) Vir die toepassing van hierdie klousule beteken „loon” 'n werknemer se loon plus sy lewenskostoelae.

(5) Die bepalings van hierdie klousule geld nie vir 'n bestuurder, onderbestuurder, voorman of op 'n senior besturende, professionele of administratiewe werknemer nie indien en terwyl sodanige werknemer 'n gereelde loon van minstens £780 per jaar ontvang, en ook nie vir 'n los werknemer of 'n wag nie.

(6) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie Vasstelling mag 'n werkgewer dit nie vereis of toelaat dat—

- (a) sy besteller, drywer, bestelwabediende of bestelwabediende se assistent op 'n Sondag werk nie, en hy mag ook geen ander klas werknemer verplig of toelaat om die pligte van enigeen van hierdie klasse werknemers op 'n Sondag uit te voer nie;
- (b) 'n werknemer uitgesonderd 'n wag, op meer as ses dae in 'n week van Sondag tot Saterdag werk nie, behalwe wanneer hy noodwerk verrig.

9. STUKWERK.

(1) 'n Werkgewer kan, na minstens 'n week kennisgewing aan sy werknemer, 'n stukwerkstelsel invoer en die werkgewer moet, behoudens die bepalings van klousule 4 (6), aan so 'n werknemer wat 'n tyd lank sodanige stukwerk doen, 'n besoldiging betaal teen die tariewe wat volgens sodanige stelsel van toepassing is: Met dien verstande dat, afgesien van die hoeveelheid werk wat gedoen word, die werkgewer sodanige werknemer minstens die volgende, plus vyf persent, moet betaal:—

- (a) In die geval van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke week waarin stukwerk verrig word, die bedrag wat hy aan sodanige werknemer vir daardie week sou moes betaal het as hy besoldiging ontvang het op grondslag van tyd gewerk;
- (b) in die geval van 'n los werknemer, ten opsigte van elke dag waarop stukwerk verrig word, die bedrag wat hy aan sodanige werknemer vir daardie dag sou moes betaal het as hy besoldiging ontvang het op grondslag van tyd gewerk.

(2) 'n Werkgewer moet 'n lys van die stukwerk tariewe genoem in subklousule (1), op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting aangeplak hou.

(4) For the purpose of this clause the expression—

- (a) "employment" shall be deemed to include any period or periods during which an employee is absent—
- (i) on leave in terms of clause 6,
 - (ii) on the instructions or at the request of his employer,
 - (iii) on sick leave in terms of sub-clause (1),
 - (iv) undergoing military training;
- amounting in the aggregate in any year to not more than ten weeks in respect of items (i), (ii) and (iii), plus any period of military training undergone in that year, and any period of employment which an employee has had with the same employer immediately before the date of the coming into operation of this Determination shall, for the purpose of this clause, be deemed to be employment under this Determination, and any sick leave on full pay granted to such an employee during such period shall be deemed to have been granted under this Determination;
- (b) "incapacity" means inability to work owing to any sickness or injury other than that caused by an employee's own misconduct: Provided that any inability to work caused by an accident for which compensation is payable under the Workmen's Compensation Act, 1941, shall be deemed to be incapacity only in respect of any period of inability to work for which no disablement payment is payable in terms of that Act;
- (c) "wage" means an employee's wage plus his cost of living allowance.

8. PUBLIC HOLIDAYS AND SUNDAYS.

(1) *Public Holidays.*—An employee who is not required to work on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day shall, for the week in which such day falls, be paid not less than his weekly wage.

(2) Whenever an employee works on New Year's Day, Good Friday, Ascension Day, the Day of the Covenant or Christmas Day, his employer shall pay him for the week in which such day falls not less than his weekly wage, plus his hourly wage for each hour of part of an hour worked by the employee in the aggregate on such day: Provided that where an employee works for less than four hours on any such day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(3) *Compensation for Work on a Sunday.*—Whenever an employee works on a Sunday, his employer shall either—

- (i) pay him double his daily wage, or
- (ii) pay him one and one third times his hourly wage for each hour or part of an hour worked by him in the aggregate on such Sunday, and grant him within fourteen days of such Sunday one day's leave and pay him in respect thereof not less than his daily wage: Provided that where such an employee is required or permitted to work for less than four hours on such Sunday, he shall be deemed to have worked for four hours.

(4) For the purpose of this clause the expression "wage" shall mean an employee's wage plus his cost of living allowance.

(5) The provisions of this clause shall not apply to a manager, sub-manager, foreman or to a senior managerial, professional or administrative employee if and for so long as such an employee is paid a regular wage at a rate of not less than £780 per annum nor to a casual employee or a watchman.

(6) Notwithstanding anything to the contrary contained in this Determination, an employer shall not require or permit—

- (a) his delivery employee, driver, vanman or vanman's assistant to work on any Sunday nor shall he require or permit any other class of employee to perform on any Sunday the duties of any of these classes of employees;
- (b) any employee, other than a watchman, to work on more than six days in any week from Sunday to Saturday, except for the performance of emergency work.

9. PIECE WORK.

(1) An employer may, after at least one week's notice to his employee, introduce any piece-work system and, save as provided for in clause 4 (6), the employer shall pay to such employee, who is employed on such piece-work system for any period, remuneration at the rates applicable under such system: Provided that, irrespective of the quantity of work done, the employer shall pay to such employee not less than—

- (a) in the case of an employee, other than a casual employee, in respect of each week in which piecework is performed, the amount which he would have been required to pay such employee for that week had he been remunerated on the basis of time worked;
- (b) in the case of a casual employee, in respect of each day on which piece-work is performed, the amount which he would have been required to pay to such employee for that day had he been remunerated on the basis of time worked;

plus five per cent.

(2) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule of the piece-work rates referred to in sub-clause (1).

(3) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n stukwerkstelsel wat in werking is, of die tariewe wat daarvolgens geld, af te skaf of te wysig, moet sy werkgewer wat volgens daardie stelsel werk, minstens 'n maand kennis gee van sodanige voorneme: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer kennisgewingstydperk kan ooreenkom, en in so 'n geval moet die werkgewer minstens vir die tydperk waarvoor daar ooreengekom is, kennis gee.

10. GETALLEVERHOUDING.

(1) 'n Werkgewer mag nie 'n ongekwalifiseerde vroulike klerk, manlike klerk, vroulike toonbankbediende of manlike toonbankbediende in diens neem nie tensy hy onderskeidelik 'n gekwalifiseerde vroulike klerk, manlike klerk, vroulike toonbankbediende of manlike toonbankbediende in diens het, en vir elke gekwalifiseerde vroulike klerk, manlike klerk, vroulike toonbankbediende of manlike toonbankbediende in sy diens, mag hy onderskeidelike hoogstens een ongekwalifiseerde vroulike klerk, manlike klerk, vroulike toonbankbediende of manlike toonbankbediende in diens neem: Met dien verstande dat 'n werkgewer wat 'n gekwalifiseerde manlike klerk of toonbankbediende in diens het, onderskeidelik 'n ongekwalifiseerde vroulike klerk of toonbankbediende in diens kan neem in plaas van 'n ongekwalifiseerde manlike klerk of toonbankbediende, na gelang van die geval.

(2) 'n Werkgewer mag nie 'n bakker of banketbakker in diens neem nie tensy hy onderskeidelik 'n voormanbakker of 'n voormanbanketbakker in diens het: Met dien verstande dat 'n bakker of banketbakker vir hoogstens vier uur deeg kan maak in die afwesigheid van 'n voorman.

(3) 'n Werkgewer mag nie 'n bakkersassistent of 'n banketbakkersassistent in diens neem nie tensy hy onderskeidelik 'n bakker of banketbakker in diens het, en hy kan onderskeidelik hoogstens vier bakkersassistentes of banketbakkersassistentes vir elke bakker of banketbakker in diens neem.

(4) 'n Werkgewer mag nie 'n bestelwabediende verplig of hom toelaat om oor meer as een bestelwa toesig te hou of verantwoordelik daarvoor te wees nie.

(5) Vir die toepassing van hierdie klousule—

(a) kan 'n werkgewer of bestuurder wat geheel en al of hoofsaaklik besig is met die werk van 'n bepaalde klas werknemer, geag word 'n gekwalifiseerde werknemer in daardie klas te wees;

(b) kan 'n werkgewer of bestuurder wat op enige skof geheel en al of hoofsaaklik besig is om die werk van 'n voormanbakker of voormanbanketbakker te verrig, vir sodanige skof geag word 'n voormanbakker of voormanbanketbakker, na gelang van die geval, te wees;

(c) kan 'n ongekwalifiseerde werknemer wat minstens die loon ontvang wat vir 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas voorgeskryf is, geag word 'n gekwalifiseerde werknemer te wees:

Met dien verstande dat 'n werkgewer of bestuurder nie vir meer as een skof per dag of ten opsigte van meer as een klas werknemer per dag of in meer as een bedryfsinrigting per dag as sodanig geag mag word nie.

(6) Hierdie klousule is afsonderlik op elke bedryfsinrigting van toepassing, en subklousules (2) en (3) is van toepassing op elke skof in 'n bedryfsinrigting waarin meer as een skof per dag gewerk word.

11. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE.

'n Werkgewer wat sy werknemer verplig om 'n uniform, oorpak of beskermende klere te dra of 'n werkgewer wat ingevolge enige wet of regulasie verplig is om sy werknemers daarvan te voorsien, moet dit kosteloos verskaf en in 'n bruikbare en sinderlike toestand hou, en sodanige uniform, oorpak of beskermende klere bly die werkgewer se eiendom.

12. BEÏNDIGING VAN DIENSKONTRAK.

(1) 'n Werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig, moet—

(a) gedurende die eerste vier weke diens, vier-en-twintig uur, en

(b) na die eerste vier weke diens, een week,

kennis gee van die beëindiging van die dienskontrak, of 'n werkgewer of werknemer kan die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur in plaas van sodanige kennisgewing aan die werknemer minstens die volgende te betaal of aan die werkgewer minstens die volgende te betaal of te verbeur, na gelang van die geval—

(i) in die geval van vier-en-twintig uur kennisgewing, die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) in die geval van 'n week kennisgewing, die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat dit nie inbreuk maak nie op—

(i) die werkgewer of werknemer se reg om die kontrak sonder kennisgewing te beëindig om 'n regsgeldige rede;

(ii) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer wat voorsiening maak vir 'n kennisgewingstermyn wat vir albei partye lewe lank en langer lank is as wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(iii) die toepassing van verbeurings of penes wat wetlik van toepassing mag wees in die geval van 'n werknemer wat dros.

(3) An employer who intends to cancel or amend any piece-work system in operation or the rates applicable thereunder shall give his employee employed on such system not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice in which case the employer shall give not less than the period of notice agreed upon.

10. PROPORTION OR RATIO.

(1) An employer shall not employ an unqualified female clerk, male clerk, female counterhand or male counterhand unless he has in his employ a qualified female clerk, male clerk, female counterhand or male counterhand, respectively, and for each qualified female clerk, male clerk, female counterhand or male counterhand in his employ he shall not employ more than one unqualified female clerk, male clerk, female counterhand or male counterhand, respectively: Provided that an employer who has a qualified male clerk or counterhand in his employ may employ an unqualified female clerk or counterhand, respectively, in lieu of an unqualified male clerk or counterhand, as the case may be.

(2) An employer shall not employ a baker or a confectioner unless he has in his employ a foreman baker or a foreman confectioner, respectively: Provided that a baker or confectioner may be engaged in making dough for not more than four hours in the absence of a foreman.

(3) An employer shall not employ a baker's assistant or a confectioner's assistant unless he has in his employ a baker or a confectioner, respectively, and he shall not employ more than four baker's assistants or confectioner's assistants for each baker or confectioner, respectively, in his employ.

(4) An employer shall not require or permit a vanman to be in charge of or responsible for more than one van.

(5) For the purpose of this clause—

(a) an employer or a manager who is wholly or mainly engaged in the work of a particular class of employee may be deemed to be a qualified employee in that class;

(b) an employer or a manager who, on any shift, is wholly or mainly engaged in performing the work of a foreman baker or foreman confectioner may for such shift be deemed to be a foreman baker or foreman confectioner, as the case may be;

(c) an unqualified employee who is receiving a wage of not less than the wage prescribed for a qualified employee of his class may be deemed to be a qualified employee:

Provided that an employer or a manager may not be so deemed for more than one shift on any day or for more than one class of employee on any day or in more than one establishment on any day.

(6) This clause shall apply separately to each establishment and sub-clauses (2) and (3) shall apply to each shift in an establishment in which more than one shift is worked on any day.

11. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING.

An employer shall supply and maintain in serviceable and clean condition, free of charge, any uniform, overall or protective clothing which he requires his employee to wear or which by any law or regulation he is compelled to provide for his employee and any such uniform, overall or protective clothing shall remain the property of the employer.

12. TERMINATION OF CONTRACT OR EMPLOYMENT.

(1) An employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(a) during the first four weeks of employment, twenty four hours,

(b) after the first four weeks of employment, one week's,

notice of termination of the contract, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying or forfeiting to the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than—

(i) in the case of twenty-four hours' notice, the daily wage which the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) in the case of a week's notice, the weekly wage which the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(i) the right of an employer or an employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

(ii) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(iii) the operation of any forfeiture or penalties which by law may be applicable in respect of an employee who deserts.

(2) Waar daar 'n ooreenkoms kragtens die tweede voorbehoudsbepaling van subklousule (1) aangegaan is, moet die betaling of verbeuring in plaas van kennisgewing ooreenstem met die kennisgewingstermyn waarvoor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing voorgeskryf in subklousule (1), moet voor of op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting aan sodanige werknemer gegee word en loop vanaf die dag na sodanige betaaldag: Met dien verstande dat—

- (i) die kennisgewingstermyn nie met 'n werknemer se afwesigheid met verlof wat ingevolge klousule 6 toegestaan is en ook nie met enige tydperk van militêre opleiding mag saamval nie en dat kennis nie gedurende sodanige afwesigheid gegee mag word nie;
- (ii) kennis nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid met siekteverlof wat ingevolge klousule 7 toegestaan is, gegee mag word nie;
- (iii) waar slegs vier-en-twintig uur kennis gegee moet word, sodanige kennisgewing op enige werkdag gegee kan word.

(4) Vir die toepassing van hierdie klousule beteken „loon” 'n werknemer se loon plus sy lewenskostetoelae.

13. DIENSSERTIFIKAAT.

'n Werkgewer moet by beëindiging van die dienskontrak, behalwe in die geval waar 'n werknemer gedros het, 'n dienssertifikaat hoofsaaklik in die vorm soos voorgeskryf in die Bylae van hierdie Vasstelling, aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, uitreik waarin die volle name van die werkgewer en sy werknemer, die beroep van die werknemer, die datum van aanvang en die datum van beëindiging van die kontrak en die besoldigingskaal op die datum van die beëindiging gemeld word.

14. VERBOD OP INDIENSNEEMING.

'n Werkgewer mag niemand onder die leeftyd van vyftien jaar in diens neem nie.

15. LOGBOEK.

(1) Elke werkgewer moet aan sy drywer of bestelwabediende 'n logboek verskaf wat sover moontlik in onderstaande vorm moet wees—

DAAGLIKSE LOG.

Naam van werkgewer.....
 Naam van drywer/bestelwabediende.....
 Werk begin om.....vm./nm.....vm./nm.
 Werk gestaak om.....vm./nm.....vm./nm.
 Getal ure gewerk.....
 Besonderhede van enige ongeluk of vertraging.....

(Handtekening van drywer/bestelwabediende.)

Datum..... 19.....

(2) Elke drywer of bestelwabediende moet in die logboek genoem in subklousule (1), 'n daaglikse log ten opsigte van elke dag se werk in tweevoud invul en moet binne vier-en-twintig uur na voltooiing van die dag se werk waarop dit betrekking het, 'n kopie daarvan aan sy werkgewer besorg.

(3) Elke werkgewer moet die kopie van die daaglikse log wat ooreenkomstig subklousule (2) aan hom besorg is, drie jaar lank na sodanige besorging bewaar.

BYLAE.

Ek/Ons, (a).....
 wat die Brood- en Banketnywerheid beoefen te.....

sertifiseer hierby dat (a).....
 by my/ons in diens was (a) vanaf die.....dag van
 van....., 19..... tot die dag
 van....., 19..... in die hoedanigheid
 van (b).....

By diensbeëindiging was sy/haar (a) loon (lewenskostetoelae uitgesluit).....pond

.....sjielings.....pennies per week/
 maand.

Handtekening van Werkgewer of
 Gemagtigde Verteenwoordiger.

Datum.....

- (a) Skrap wat nie van toepassing is nie.
- (b) Meld die betrekking waarin werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv. klerk, arbeider, bakker, bakkers-assistent, bestelwabediende.

W. F. J. STEENKAMP, *Voorsitter.*
 H. W. TINDALE, *Lid.*
 J. MARAIS, *Addisionele Lid.*
 J. T. LLEWELLYN, *Sekretaris.*

Pretoria, 27 Junie 1959.

(2) Where there is an agreement in terms of the second proviso to sub-clause (1), the payment or forfeiture in lieu of notice shall correspond to the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in sub-clause (1) shall be given on or before the usual pay day of the establishment for such employee and shall run from the day after such pay day: Provided that—

- (i) the period of notice shall not run concurrently with, nor shall notice be given during, an employee's absence on leave granted in terms of clause 6 or any period of military training;
- (ii) notice shall not be given during an employee's absence on sick leave granted in terms of clause 7;
- (iii) where only twenty-four hours' notice is required to be given, such notice may be given on any work day.

(4) For the purpose of this clause the expression "wage" means an employee's wage plus cost of living allowance.

13. CERTIFICATE OF SERVICE.

An employer shall upon termination of the contract of employment, other than through the desertion of an employee, furnish his employee, other than a casual employee, with a certificate of service, substantially in the form prescribed in the schedule to this Determination, showing the full names of the employer and his employee, the occupation of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the rate of remuneration at the date of such termination.

14. PROHIBITION OF EMPLOYMENT.

An employer shall not employ any person under the age of fifteen years.

15. LOG BOOK.

(1) An employer shall provide his driver or vanman with a log book as nearly as practicable in the following form—

DAILY LOG.

Name of employer.....
